

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Wedergebore in Christus deur sy Gees en Woord

deur

Dr AH Bogaards

©Dr AH Bogaards

Fritz-uitgewers

2011

Inhoudsopgawe

deur	2
Dr AH Bogaards	2
©Dr AH Bogaards	2
1. Inleiding	7
2. Die Heilige Skrif oor wedergeboorte	7
2.1. Inleidend (tekste van belang)	7
2.2. Joh.1:12-13 en 1 Joh.3:9: geboorte uit God	8
2.3. Johannes 3: Gees én Woord	8
2.4. Romeine.6	8
2.5. Titus 3:5: die bad van die wedergeboorte	10
2.6. Jakobus 1:17-18: voortbring deur die woord van die waarheid	10
2.7. 1 Petrus 1:3: wedergebore deur die opstanding van Christus	11
2.8. 1 Petrus 1:23: die Woord wederbaar	11
2.9. Tekste ... herstel van beeld	11
2.10. Samevattend	12
3. Calvyn oor die wedergeboorte	13
3.1. Institusie	13
3.1.1. Wedergeboorte is afsterf van die ou mens, opwekking tot die nuwe lewe	13
3.1.2. Wedergeboorte Trinitaries	13
3.1.3. Wedergeboorte nie voltrek in 'n oogwink nie	13
3.1.4. Die doel van wedergeboorte: herstel van die beeld van God	14
3.1.5. Doop, besnydenis, wedergeboorte	14
3.2. Kategismus van Geneve	16
3.2.1. Die noodsaak van wedergeboorte	16

3.2.2. Die wedergeboorte spruit uit die dood en opstanding van Christus	16
3.2.3. Die verband tussen doop en wedergeboorte	16
3.3 Doopsformulier van Calvyn.....	17
3.3.1 Die noodsaak van wedergeboorte	17
3.3.2 Die twee dele van die wedergeboorte	17
3.3.3. Die doop en wedergeboorte	18
3.3.4 Christus én sy Gees, Woord én Gees	18
4. Luther	19
4.1. Babiloniese ballingskap van die kerk	19
4.1.1. Wedergeboorte: sterwe en opstaan saam met Christus.....	19
4.1.2. Wedergeboorte: 'n lewenslange proses	19
4.2. Preke oor Johannes	19
Johannes 3:4.....	20
Johannes 3:6.....	21
Johannes 3:16.....	22
5. Die Heidelbergse Kategismus en wedergeboorte	23
5.1. Vraag en antwoord 8.....	23
5.2. Vraag en antwoord 43: afsterwe van die geestelik dooie, ou mens	24
5.3. Vraag en antwoord 45: opstanding van die geestelik lewende, nuwe mens	25
5.4. Vraag en antwoord 86-87.....	25
Vraag 86.....	25
Antwoord 86	26
Vraag 87.....	29
Antwoord 87	29
5.5. Olevianus	30
5.6. Ursinus	30

6. Die doopsformulier van die Paltz oor wedergeboorte	30
6.1. Die opstellers van hierdie doopsformulier en ons Heidelbergse Kategismus...	30
6.2. Vertaling van 'n gedeelte van die formulier in Afrikaans	30
6.3. 'n Vergelyking tussen die formulier van die Paltz en ons doopsformulier	33
6.4. Ellende, verlossing, dankbaarheid	34
6.4.1. Die deel oor ons sonde	34
Ellende	34
6.4.2. Die deel oor ons verlossing	34
Verlossing	34
6.4.3. Die deel oor ons dankbaarheid	36
Dankbaarheid	36
6.5. Die verhouding tussen die deel oor ons dankbaarheid en die deel oor die verlossing	38
7. Ons doopsformulier oor wedergeboorte	39
7.1. Die deel oor ons sonde	39
7.2. Die deel oor ons verlossing	39
7.3. Die deel oor ons dankbaarheid	40
7.4. Die deel oor ons dankbaarheid rus in die deel oor die verlossing	40
8. NGB	40
8.1. Art.24 Heiligmaking. Wedergeboorte deur Woord en Gees	40
8.1.1. " <i>Hierdie</i> " en wedergebore deur Christus	40
8.1.2. " <i>Hierdie ware geloof</i> " en Woord en Gees	41
8.1.3. ADR Polman	41
8.2. Art.34 Die doop. Wedergeboorte deur die bloed van Christus en sy Gees	42
8.3. Art.35 Nagmaal: voeding van die wedergeborenes	42
9. DL III/IV	43

9.1. Acta	43
9.2. DL III/IV, 11-13.....	43
9.2.1. Artikel 11-13.....	43
9.2.2. Kommentaar op hierdie artikels.....	44
10. Kohlbrugge	45
10.1. Wedergeboorte bestaan ook vir Kohlbrugge uit die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.....	45
10.2. Wedergeboorte het alles met Christus te make.....	46
10.3. Wedergeboorte 'n heilshistories gebeurtenis, wat heilsordelik toegepas moet word	46
10.4. Wedergeboorte en die heilige ontvangenis en geboorte van Christus	46
11. Kinders en wedergeboorte of ingaan in die koninkryk	47
11.1. Die Skrif oor kinders en wedergeboorte	47
11.2. Calvyn oor kinders en wedergeboorte	47
11.2.1. Institusie IV, 16,18.....	47
11.2.2. Institusie IV, 16,19.....	48
11.2.3. Institusie IV, 16,26.....	49
Bylaag A: Nog byvoegings	50
I. Calvyn.....	50
Institusie.....	50
II. Skrif.....	53
Genesis.....	53
Bylaag B: Doopsformulier Paltz (Duits).....	53

1. Inleiding

Die bedoeling van hierdie studie is om in te gaan op die gedagte van wedergeboorte.

2. Die Heilige Skrif oor wedergeboorte

2.1. Inleidend (tekste van belang)

(Nie alle genoemde tekste sal behandel word nie)

- Die term *wedergeboorte* of *van bo gebore* kom op verskillende plekke voor:

Johannes 3:3 en 5 en Titus 3:5.

Jakobus 1:18 en 1Petrus 1:23 noem die woord die middel van die wedergeboorte.

- By Johannes tref ons ook die uitdrukking aan: *uit God gebore* (Joh. 1: 13; 1Joh. 3:9).
- Ook Ef.4:20-24 en Kol.3:1-10 is van belang i.v.m die doel van die wedergeboorte, naamlik die herstel van die beeld van God.
- Verder is die volgende tekste belangrik:

As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel (2 Kor. 5:17), ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke (Ef. 2:10), lewend gemaak saam met Christus (Ef. 2:5), word verander deur die vernuwing van julle gemoed (Rom. 12:2), nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe (2 Kor. 4:16).

- Verhouding doop, besnydenis, wedergeboorte:

Kol.2:11-15

11 in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, 12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het. 13 En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, 14 en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim

het deur dit aan die kruis vas te nael, 15 nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.

2.2. Joh.1:12-13 en1 Joh.3:9: geboorte uit God

2.2.1. In Johannes 1:12-13 lees ons:

Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.

2.2.2 .In 1 Joh.3:9 staan:

Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.

2.3. Johannes 3: Gees én Woord

In Johannes 3 vra Nikodemus twee maal na die hóé van die wedergeboorte (verse 4, 9):

- Op die eerste hoe (vers 4) wys Jesus hom op die Heilige Gees (verse 5,8) en sy stem (vers 8 — geluid).
- Op die tweede hoe (vers 9) wys Jesus Nikodemus op sy kruis (vers 14) en op die geloof (vers 15).

Uit hierdie gedeelte is dit duidelik: Die wedergeboorte is vrug van Gees én Woord. Ons mag die werk van die Gees nooit losmaak van die Woord, van die kruis, van die geloof nie.

2.4. Romeine.6

Kom ons kyk na wat met die ou mens gebeur het aan die kruis en wat die nuwe mens te make het met die opstanding van Christus:

1. Die **afsterwe** van ons ou mens het alles met die **kruis van Christus** te make

Wanneer Paulus dit in Rom.6 het oor die afsterwe van die ou mens, dan sê hy nie: Nou moet jy, o mens, deur jou weerstand teen die sonde die ou mens 'n nekslag toedien nie. Nee, hy neem ons aan die hand na Christus en sy kruis toe.

Want luister mooi wat Paulus in Rom.6:5-6 sê. Die apostel skryf daar: Ons ou mens het gesterf. Dit het gebeur toe Jesus aan die vloekhout gehang het. Want julle moet onthou: Toe Jesus daar gehang het, het Hy nie daar gehang net om ons skuld te betaal nie, maar ook om die slaweheerskappy van die sonde oor ons te beëindig. Ons ou mens, die mens onder die koningsheerskappy van die Satan, - hy is gekruisig en gedood in die kruisiging en sterwe van ons Heiland. Dit was die einde van die mens wat niks liever gedoen het as om na die stem van die Satan te luister nie.

Daarom het 'n sekere teoloog (Kohlbrugge) ook gesê: Op Golgota het ek my bekeer.

Wat moet ons dan doen? Glo in Christus en deur die geloof hoe langer hoe meer een word met ons Oorwinnaar-Koning en sy oorwinning.

Maar nou het ons tog 'n probleem: As Christus dan gesterf het en die ou mens aan die kruis gedood is, hoe is dit dan dat ons as gelowiges nog sonde doen? Is die ou mens dood of is hy nie. Daarop moet ons antwoord *ja* en *nee*:

Dit is *eerstens ja*. Immers op Golgota *is* die ou mens verslaan.

Maar *tweedens* is dit ook *nee*. Aan die kruis is die ou mens inderdaad oorwin en die mag van die sonde gebreek. Maar nou moet Christus ook nog daardie oorwinning *buite* ons, daardie triomf van die kruis, *in* ons verwerklik. En dit gebeur nie eensklaps nie. Dit is 'n groeiproses. Die Kategismus praat van 'n **hoe langer hoe meer**. Dit gaan ons lewe lank aan en word eers met ons dood voltooi. Eers dan is dit met die ou mens heeltemal uit en gedaan. In hierdie afsterwingsproses bly Christus steeds die geheim. Hoe meer ek leef uit sy oorwinning, hoe meer sal die ou mens in my sterwe. Buite Christus om is dus geen oorwinning nie.

2. Die **opstanding** van die nuwe mens het alles met die *opstanding van Christus* te make

Ook wat betref die opstanding van die nuwe mens, wys Paulus ons op Christus, want Paulus sê in v.11: Ons is lewend vir God *in Christus*. Die in Christus beteken: In die

gemeenskap met Christus, in verbondenheid met Hom. In verbondenheid aan Hom is ons lewend. Die *in Christus* - dit is die geheim van 'n lewe vir God.

Daarom is ook die nuwe mens 'n saak van die geloof, want hoe meer ons ons oorgee aan Christus en leef uit sy heilswerk, des te meer sal die nuwe mens gestalte in ons lewe kry.

Die nuwe mens in ons is Christus se werk, nie ons s'n nie. Dit is al duidelik as jy net let op die uitdrukking: die opstanding van die nuwe mens. Immers, opstanding, opstanding uit die graf, ook uit die graf van die sonde - dit is goddelike werk. Mense kan dit nie doen nie. En hoe laat die Here mense uit die dood van die sonde opstaan? Slegs deur te spreek. Deur die krag van sy evangelie-woord. Deur die krag van die kruis en die opstanding van Christus.

2.5. Titus 3:5: die bad van die wedergeboorte

Titus 3:4-7: 4 Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het— 5 nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees 6 wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser; sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe.

2.6. Jakobus 1:17-18: voortbring deur die woord van die waarheid

Jak.1:17-18: 17 Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie. 18 Volgens sy wil het Hy ons voortbring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eersteling van sy skepsele kan wees.

2.7. 1 Petrus 1:3: wedergebore deur die opstanding van Christus

In vers 3 word aan ons 'n groot wonder beskryf: Die Heilige Gees verkondig aan ons hoe ons die verlore lewe weer terugontvang. God die Vader, sê Petrus, het ons die wedergebore geskenk. Ons kan maar sê: Soos 'n baba deur geboorte die lewe ontvang, so het ons deur die wedergebore die ewige lewe weer uit God se hand terugontvang.

Die groot vraag is: Hoe het ons die nuwe lewe ontvang? Wanneer is ons wedergebore? Petrus laat ons glad nie in die duister nie. Onomwonde verklaar hy: aan ons is die wedergebore geskenk "deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode". Toe het ons die nuwe lewe ontvang.

Een ding is hieruit baie duidelik: hierdie nuwe lewe is nie die produk van iets wat ons gedoen het nie. Die nuwe lewe kom nie deur ons werke nie, maar deur die werk van Christus se opstanding. Ewe min as wat ons iets kon doen aan ons eie geboorte, ewe min kan ons iets doen aan ons wedergebore. Ja, nog lank voordat u en ek gebore is, is ons wedergebore toe Jesus uit die graf uit opgestaan het. Die opstanding van Jesus is die geboortestoel van God se kinders.

Almal van ons weet wanneer ons gebore is: dit was op die en die datum. So het ons ook - in die Bybel - die datum van ons wedergebore: Paassondag, toe Jesus opgestaan het.

2.8. 1 Petrus 1:23: die Woord wederbaar

In 1 Pet.1:23 leer ons dat die *wedergebore* gewerk word *deur die Woord*: "Julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly".

2.9. Tekste ... herstel van beeld ...

Die volgende tekste is van belang om te laat sien dat die wedergebore gerig is op die herstel van die beeld van God:

- **Ef.4:20-24**

20 Maar julle het Christus nie so leer ken nie, 21 as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus: 22 dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, 23 en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed 24 en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.

- **Kol.3:1-10**

1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. 2 Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. 3 Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. 4 Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word. 5 Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, 6 waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom, 7 waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het. 8 Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelijke taal uit julle mond. 9 Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het 10 en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,

2.10. Samevattend

1. Ons moet onderskei tussen:

- die wedergeboorte as *heilshistoriese gebeurtenis*: wedergeboorte deur die kruis en opstanding van Christus (buite ons), en
- die wedergeboorte as *heilsordelike gebeurtenis*: die Gees van Christus gee ons deel aan die heilswerk van Christus (in ons).

2. Die Heilige Gees gebruik *die Woord as middel* tot wedergeboorte.

3. Verhouding doop en wedergeboorte

4. Die *bedoeling* van die wedergeboorte is: Herstel van die beeld van God.
5. Daar word in die Skrif *verskillende terme* vir die begrip wedergeboorte gebruik.

3. Calvyn oor die wedergeboorte

3.1. Institusie

3.1.1. Wedergeboorte is afsterf van die ou mens, opwekking tot die nuwe lewe

Calvyn (Boek III, 3, 9) beskryf wedergeboorte of berou soos volg:

1. As ons waarlik deel het aan sy (AHB = Christus se) dood, word ons ou mens deur sy krag gekruisig, en die liggaam van ons sonde sterf, sodat die bedorwenheid van ons eerste natuur geen krag meer het nie.
2. As ons in sy (AHB = Christus se) opstanding deel, word ons daardeur opgewek tot 'n nuwe lewe wat met God se geregtigheid ooreenstem.

3.1.2. Wedergeboorte Trinitaries

Ons wedergeboorte is vir Calvyn (Boek IV, 15, 6) werk van die Drie-enige God:

1. Ons verkry die oorsaak van sowel ons reiniging as van ons wedergeboorte in die *Vader*,
2. die stof daarvan in die *Seun*,
3. en die krag daarvan in die *Gees*.

3.1.3. Wedergeboorte nie voltrek in 'n oogwink nie

Hierdie hernuwing word weliswaar nie in 'n oogwink of een dag of een jaar voltrek nie, maar God maak die bedorwenheid van hulle vlees in sy uitverkorenes voortdurend, ja, selfs met gestadige vordering, tot niet. Hy reinig hulle van hulle vuilheid; Hy heilig hulle as tempels vir Hom en Hy maak al hulle gevoelens weer nuut totdat dit waarlik suiwer is, sodat hulle hulle hele lewe lank berou kan beoefen en kan weet dat daar nie 'n einde aan die stryd is nie behalwe in die dood(Boek III, 3, 9).

3.1.4. Die doel van wedergeboorte: herstel van die beeld van God

Die doel van wedergeboorte is om die beeld van God wat deur Adam se oortreding verontreinig en byna uitgewis is, weer in ons te laat vorm kry (Boek III, 3, 9).

3.1.5. Doop, besnydenis, wedergeboorte

In sy Institusie beskryf Calvin die verband tussen doop-besnydenis en wedergeboorte:

- In **Boek IV, 15, 5** skryf hy dat die doop aan ons ons afsterwe en die nuwe lewe in Christus toon.

Calvin verwys dan eers na Romeine 6:

Ons is, soos die apostel Paulus in Romeine 6 sê, in Christus se dood gedoop en met Hom in die dood begrawe sodat ons in 'n nuwe lewe kan wandel. Met hierdie woorde spoor Paulus ons nie alleen aan om Christus na te boots nie. Dit is trouens asof hy sê dat ons deur die doop vermaan word om volgens die voorbeeld van die dood van Christus ons begeertes af te sterf, en om na die voorbeeld van sy wederopstanding tot geregtigheid opgewek te word. En nie alleen dit nie, maar hy bring 'n aspek wat veel dieper is, te berde, naamlik dat Christus ons deur die doop sy dood deelagtig gemaak het, sodat ons daarop ingelyf kan word. En soos 'n steggie sy bestaan en voeding kry uit die wortel waarop dit ingeënt is, so ervaar diegene wat die doop met so 'n geloof aanvaar as waarmee hulle hoort, waarlik die werking van Christus se dood in die afsterwe van hulle vlees; en tegelyk ook die krag van sy opstanding in die lewendmaking van die Gees. Hieruit put hy stof vir die vermaning dat ons, as ons Christene is, dood moet wees vir die sonde en lewendig vir geregtigheid.

Daarna verwys Calvin ook na Kolossense 2 en Titus3:5

Paulus gebruik dieselfde redenasie (as in Romeine 6) ook Kolossense 2 wanneer hy sê dat ons besny is en die ou mens afgelê het nadat ons deur die doop in Christus begrawe is. En in hierdie betekenis het hy in Titus 3:5 die doop die bad van die wedergeboorte en die vernuwing genoem. Gevolglik word ons in die doop ten eerste genadige sondevergifenis en die toerekening van geregtigheid beloof, en ten tweede, die genade van die Heilige Gees wat ons tot 'n nuwe lewe hervorm.

- In **Boek IV, 15, 6** is dit baie duidelik dat die doop die wedergeboorte in Christus afbeeld en dat dit ons deel word deur die Gees:

Dit is *in Christus*: Ons verkry die wedergeboorte deur sy dood en opstanding.

Maar dit is vir Calvyn ook baie duidelik dat ons die wedergeboorte in Christus *deur die Gees* kry: Ons verkry die wedergeboorte eers dan deur sy dood en opstanding as ons deur die Gees geheilig is en met 'n nuwe en geestelike natuur deurdring is.

- In **Boek IV, 15, 5** skryf hy dat die aspekte van afsterwe en afwassing in die doop is reeds onder Israel afgeskadu

Wat ons oor sowel afsterwe as afwassing gesê het, is reeds onder die Israeliete afgeskadu. Daarom sê die apostel dat hulle in die wolk en in die see gedoop is. Afsterwe is uitgebeeld toe die Here hulle uit die hand van Farao uit wrede slawerny verlos en 'n pad vir hulle deur ^(OC 967) die Rooisee gebaan het, maar Farao en die Egiptenare wat hulle agtervolg en hulle lewe bedreig het, daarin laat verdrink het. Want in die doop beloof Hy ons netso, en deur 'n teken aan ons te gee, bewys Hy dat ons deur sy krag uit die Egiptiese gevangenis, dit is uit die slawerny van die sonde, uitgelei en daarvan verlos is; dat ons Farao, dit is die duiwel, verdrink is, hoewel hy egter nie ophou om ons te beproef en te vermoei nie. Maar soos daardie Egiptenaar nie tot op die bodem van die see gesink het nie, maar op die strand neergevel is, en hy die Israeliete nog met 'n verskriklike gesig verskrik het, maar hulle geen skade kon aandoen nie, so bedreig ons vyand ons ook wel; hy wys sy wapens; hy laat hom geld, maar hy kan nie oorwin nie.

In die wolk was 'n teken van reiniging. Destyds het die Here hulle met 'n wolk wat oor hulle gehang het, bedek en hulle koelte gegee om te voorkom dat hulle vanweë die ongenadige hitte van die son sou beswyk en wegkwyn. So kom ons in die doop te wete dat ons deur die bloed van Christus bedek en beskerm is om te verhoed dat God se strengheid (A 484) wat waarlik 'n ondraaglike vlam is, op ons neerkom. (OS 292) Hoewel dit 'n geheimenis is wat destyds duister en net aan 'n paar mense bekend was, en omdat daar nogtans geen ander manier ter verkryging van die saligheid as in hierdie twee genadegawes bestaan nie, wou God die vaders van ouds wat Hy as sy erfgename aangeneem het, nie die teken van beide hierdie genadegawes ontnem nie.

3.2. Kategismus van Geneve

3.2.1. Die noodsaak van wedergeboorte

Ons is voor ons wedergeboorte en hervorming deur die Heilige Gees tot niks anders in staat as net om te sondig nie; net soos 'n slegte boom niks anders as slegte vrugte voortbring nie (v/a 118).

3.2.2. Die wedergeboorte spruit uit die dood en opstanding van Christus

In vraag en antwoord 331 wys Calvyn daarop dat die wedergeboorte spruit uit die dood en opstanding van Christus:

1. Die wedergeboorte spruit uit die dood van Christus, want onderliggend aan sy dood is die betekenis dat ons ou mens daardeur gekruisig en die bedorwenheid van ons natuur begrawe word sodat dit nie meer in ons lewe nie.
2. Maar die feit dat ons tot gehoorsaamheid aan die geregtigheid van God in 'n nuwe lewe hervorm word, is die seën van sy opstanding.

3.2.3. Die verband tussen doop en wedergeboorte

In antwoord 327 beskryf Calvyn die verband tussen doop en wedergeboorte:

1. In die doop word 'n beeld van die afsterwe van ons ou natuur aan ons voorgehou, omdat die water op die hoof geplaas word.
2. Die doop is ook die afbeelding van 'n nuwe lewe, omdat ons nie in die water onder bly nie, maar slegs vir 'n oomblik daarin ondergaan om dan dadelik weer na bo te kom.

3.3 Doopsformulier van Calvyn

3.3.1 Die noodsaak van wedergeboorte

"Wanneer Hy sê dat ons weergebore moet word, toon die Here duidelik aan ons in hoe 'n groot afstootlikheid, ellende en bedorwenheid ons gebore word. Want as ons natuur weer nuutgemaak moet word, sodat ons in die koninkryk van God ingestuur mag word, is dit 'n belangrike bewys daarvan dat ons natuur volkome bedorwe en vir God afstootlik is".

Hier het ons 'n verwys na die woorde van Jesus aan Nikodemus in Johannes 3.

Daar is sedert die sondeval geen plek meer vir God se genade in ons nie, sê Calvyn, "voordat ons nie alle vertrouwe op ons eie krag, geregtigheid en wysheid verwerp het sodat ons alles wat daarvan in ons aanwesig verdoem en verwerp nie".

3.3.2 Die twee dele van die wedergeboorte

Hierdie wedergeboorte bestaan uit TWEE DELE:

1. Ons moet onself volkome verloën en nie ons verstand, wil, genot of luste gehoorsaam nie, ja, ons moet eerder ons verstand en gees aan die wysheid en geregtigheid van God onderwerp en alles wat uit ons self kom en uit ons vlees uit te wis;
2. dan betaam dit ons om die lig van die Here na te volg en sy heilige wil te gehoorsaam.

Hierdie TWEE DELE is albei in ons Here Jesus Christus vervul en volbring:

1. Sy dood en lyding het soveel krag dat ons daarin deel hoewel ons in sonde begrawe is, sodat die begeertes van ons vlees afsterwe en uitgewis word.
2. Hierby kom nog dat ons deur die krag van sy opstanding tot 'n nuwe lewe opgewek word.

Tog is die kern van ons redding die feit dat Hy uit barmhartigheid ons oortredinge vergewe en ons dit nie toereken nie maar die herinnering daarvan vergeet en uitwis sodat dit nie weer in sy oordeel teen ons ingebring word nie.

3.3.3. Die doop en wedergeboorte

Die twee genoemde weldade, sê Calvyn in sy doopsformulier, word ons deelagtig wanneer Hy ons deur die doop in sy gemeente inlyf:

1. Want in hierdie sakrament getuig Hy van ons sonde-vergiffenis. Daarom het Hy die teken in merk van die water ingestel en daarmee duidelik aangedui soos die vlekke van ons liggaam daardeur afgewas word dat Hy ons siele netso wil reinig en suiwer, sodat daarin geen vlek of letsel meer oorbly nie.
2. Maar meer nog as dit, hernu Hy ons daarmee.

Soos ons gesê het, is hierdie twee weldade:

1. die afsterwe van ons vlees en
2. 'n geestelik lewe wat Hy in ons tot stand bring en voortsit.

Ons word dus met 'n dubbele seën deur God in die doop begiftig:

1. Ons het daarin die vaste getuienis dat God daarin vir ons 'n goeie Vader wil wees en dat Hy ons ons oortredinge nie sal toereken nie;
2. verder dat Hy ons met sy Heilige Gees sal bystaan om teen die duiwel, die sonde en die begeertes van ons vlees te stry totdat ons oorwin sodat ons in die vryheid van sy Ryk wat die Ryk van geregtigheid is kan lewe.

3.3.4 Christus én sy Gees, Woord én Gees

Ons wedergeboorte is werk van die Heilige Gees.

Calvyn gryp weer na Johannes 3, wanneer hy sê:

"Maar toe Hy aan ons ons onreinheid en afstootlikheid openbaar en aangetoon het, het Hy ook uit sy barmhartigheid vir ons vertroosting gegee en aan ons belowe dat Hy ons met sy Heilige Gees tot 'n nuwe lewe sal opwek om vir ons toetred tot sy Ryk te wees".

Dit is vir Calvyn Woord én Gees, Christus én sy Gees. Christus leer "ons self in sy Woord" die twee dele van die wedergeboorte "en met sy Heilige Gees laat Hy sy lig voor ons skyn en wys vir ons die weg aan".

4. Luther

4.1. Babiloniese ballingskap van die kerk

4.1.1. Wedergeboorte: sterwe en opstaan saam met Christus

Luther benadruk dit dat die *DOOP 'N TWEËRLEI BETEKENIS*:

- Dit is simbool van dood én opstanding, d.i. 'n volledige en volbragte regverdiging. Immers, dat die bedienaar die kind onderdompel, beteken die dood.
- Dat die bedienaar die kind weer uitneem, beteken lewe. So lê Paulus dit uit in Rom.6:4 (Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.).

Deur die doop sterf die sondaar *saam met Christus* en *saam met Christus* staan hy op.

Hierdie dood en opstanding noem Luther "'n nuwe skepsel", "die wedergeboorte", "die geestelike geboorte".

4.1.2. Wedergeboorte: 'n lewenslange proses

Die sakrament van die doop is nie 'n handeling van 'n oomblik nie, maar 'n handeling wat voortduur. Daarmee bedoel Luther: Die handeling van die bediening van die doop gaan baie gou verby. Die betekende saak self duur egter tot die dood toe, ja tot met die opstanding op die jongste dag. Want solank as wat ons lewe, doen ons dit wat die doop afbeeld: Ons sterf en ons staan weer op.

4.2. Preke oor Johannes

Luther's Works. Saint Louis: Concordia Publishing House.

Luther, M. (1999, c1957). *Vol. 22: Luther's works, vol. 22 : Sermons on the Gospel of St. John: Chapters 1-4* (J. J. Pelikan, H. C. Oswald & H. T. Lehmann, Ed.). Luther's Works. Saint Louis: Concordia Publishing House.

Johannes 3:4

Therefore the word “water” does not designate affliction here; it means real, natural water, which is connected with God’s Word and becomes a very spiritual bath through the Holy Spirit or through the entire Trinity. Here Christ also speaks of the Holy Spirit and teaches us to regard Baptism as a spiritual, yes, a Spirit-filled water, in which the Holy Spirit is present and active; in fact, the entire Holy Trinity is there. And thus the person who has been baptized is said to be born anew. In Titus 3:5 St. Paul terms Baptism “a washing of regeneration and renewal in the Holy Spirit.” In the last chapter of Mark we read that “he who believes and is baptized will be saved” (Mark 16:16). And in this passage Christ declares that whoever is not born anew of the water and the Holy Spirit cannot come into the kingdom of God. Therefore God’s words dare not be tampered with. Of course, we are well aware that Baptism is natural water. But after the Holy Spirit is added to it, we have more than mere water. It becomes a veritable bath of Vol. 22, Page 284 rejuvenation, a living bath which washes and purges man of sin and death, which cleanses him of all sin.

Christ wants to say: “You are not yet born anew. But I have come to bring you a new way of being born again, namely, a rebirth by water and the Holy Spirit, and to proclaim to you the necessity of this rebirth. I bring you a washing of regeneration which gives you a new birth and transforms you into a new person.”

.....

Therefore Christ says to Nicodemus here: “The time has now come for your circumcision, the Law, and Moses to be terminated. Hitherto you have waited for Me, of whom the prophets and Moses foretold that you should listen to Me. Now that I have come, listen to Me! Forget about yourselves and your good works, about circumcision, sacrifices, and other worship in the temple. Come to Me and be baptized with water and the Holy Spirit, a Baptism that will give you a new birth and transform you into new persons, that will cause a regeneration or a renewal of your being. For the Holy Spirit works faith in us, and through this faith we regain the image of God which we lost in Paradise. If we are baptized and believe that Christ died for us, we will increase from day to day in faith as well as in the Vol. 22, Page 286fruits and good works of the Holy Spirit. Whoever would be saved, let him accept

My message; for now is the time for My proclamation, and henceforth Moses must hold his peace.”

.....

Thus the Holy Spirits proclamation centers in this word, which He teaches and inscribes: “rebirth.” Whoever believes in Christ, whoever believes that Christ was born, that He died for us, was buried for us, and was raised from the dead—is born anew or reborn. This rebirth makes a person a new man. Now you are animated by the thought which no papist or Turk has, namely, that Christ died for you, that He was raised from the dead and now sits at the right hand of God. And if you remain constant in this faith, then the Holy Spirit is there to baptize you, to strengthen and increase your faith, and to implant a new understanding in your heart. He also awakens in you holy and new thoughts and impulses, so that you begin to love God, refrain from all ungodly conduct, gladly do God’s will, love your neighbor, and shun anger, hatred, and envy. Such works are performed by those who have been born anew, namely, born anew through Baptism, in which the Holy Spirit is active, making new persons of them.

Johannes 3:6

Recently we heard the sermon in which the Lord told Nicodemus that unless a man is born anew of water and the Holy Spirit, he cannot come into the kingdom of God. Thereby He indicated that our salvation and blessedness does not depend on good works or the righteousness of the flesh but on our being born anew. This new birth must precede the good works. There is nothing hidden about it; it is to be known as a new birth from water and the Holy Spirit. That is how we must be born anew. It is not sufficient to be born of a woman, which is a birth of flesh and blood. This birth we experienced once. No, Christ says clearly and concisely that the birth referred to here must take place through water and the Holy Spirit. This new birth is Baptism. We are baptized in God’s name, with God’s Word, and with water. Thus our sin is forgiven, and we are saved from eternal death. The Holy Spirit is also bestowed on us; we receive a new nature, different from the one with which we were born. Through Adam we were involved in the realm of the devil, who is our master; death, sin, eternal damnation, and the devil’s kingdom were born into us. But here we are reborn from death to life, from sin to righteousness; here we are transferred from the kingdom of

the devil into the kingdom of God. You heard that the new birth is effected through the Holy Spirit and water, and that we are renewed through the power and the efficacy of Baptism. The Vol. 22, Page 288 new birth does not stem from our good works; but once we have been born anew, we begin to do good works, as we heard in the last sermon. Although this doctrine is assailed by the pope and the whole world, it is laid down here; and, I take it, so it will remain, regardless of who may adopt this doctrine. No one will ever strike a compromise between flesh and spirit. And begone with everyone who refuses to accept this doctrine!

Johannes 3:16

After Christ has said: “As Moses lifted up the serpent in the wilderness, so must the Son of man be lifted up,” He continues with the words: “For God so loved the world, that He gave His only Son, that whoever believes in Him should not perish but have eternal life.” To astound Nicodemus, He repeats what He had said before. As though He wanted to say: “Dear Nicodemus, is it not wonderful that the Son of man is hanged on the cross and lifted up, and that the Son of man, born of the Virgin Mary, true man with body and soul, is also the Son of God? Is it not a miracle that the Son of man and the Son of God are both one Son? (For Christ relates the statement that whosoever believes in Him should not perish but have everlasting life to the Son of man and to the Son of God; this refers to both.) Thus, Nicodemus, I am preaching to you about very important matters which may well astonish you; for instance, about the necessity of the new birth. But still more amazing than this is the process of the new birth.” It is, of course, out of the question for a man to re-enter his mother’s womb to be born again. No, this is the procedure: God gave His only Son into death for us; that is how we are reborn. Does Vol. 22, Page 354 it not surprise you that for the sake of this rebirth God adopts such a wonderful plan and chooses His only Son—for He has no other—and lets Him become man, instead of selecting some angel or some patriarch? God does not confine Himself to giving us His Son in His incarnation, but He also delivers Him into death for us. He has Him lifted up as Moses lifted up the serpent. Isn’t that wonderful? Isn’t that medicine effective enough? Who would ever have had the boldness to ask for such a cure for death and sin? But such strong help and powerful medicine will work this for you.

Now you do not understand all this, and you are wondering about this demand for a new birth and about this deliverance from sin. You know full well that we are sinners and are lodged in the jaws of death. Hence it must sound odd and strange to you that we are to conquer sin and death and need not fear God's stern judgment and His wrath. Yes indeed, it is strange. But now behold! What is God's plan? The answer would never have occurred to you. Because of His divine wisdom, counsel, and mercy God gives His only-begotten Son, who is also the Son of man, as a remedy against sin, death, and your old nature and birth. The Son is "given" to us by dying for us and being buried for us.

5. Die Heidelbergse Kategismus en wedergeboorte

5.1. Vraag en antwoord 8

In die Heidelbergse Kategismus kom ons die gedagte van wedergeboorte vir die eerste maal teë in vraag en antwoord 8.

Daar word gevra: **Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?** Die antwoord lui: **Ja, behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word.**

Hierdie vraag en antwoord wil ons leer hoe erg ons sondetoestand, ons verdorwenheid is: Dit is so erg dat ons **glad nie** in staat is om **iets goeds** te doen nie, maar intendeel tot **alle kwaad** geneig is.

In Sondag 3 is daar van *twee geboortes* sprake:

1. In antwoord 7 hoor ons van die *eerste geboorte*. Dit is ons *gewone geboorte*. Daarvan sê die belydenis: Ons word **almal in sonde ontvang en gebore**. Om in sonde ontvang in gebore te word, beteken: Adam se sonde word reeds by ons geboorte op ons rekening geskryf en ons word gebore as mense wat sondaars is en niks anders as sonde kan doen nie. Ons word dood gebore, dood dood deur die misdade en die sondes (Ef.2:1).
2. In vraag 8 kom die *tweede geboorte* ter sprake. Dit is die *wedergeboorte* deur die Heilige Gees. Dit is ons geestelike geboorte. Ek kan ook maar sê: Dit is die

geboorte in Christus. Hy is die tweede Adam. Deur die Heilige Gees word ons in Christus ingelyf. Dan word ons nuwe mense, mense wat geestelik lewe, ewig lewe.

5.2. Vraag en antwoord 43: afsterwe van die geestelik dooie, ou mens

Christus se kruisdood verlos ons ook van die geestelike dood. Daarvoor gaan dit onder andere in vraag en antwoord 43.

Vraag 8 beskryf die geestelike dood: **glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig**. Alle gevoel vir God en ons naaste was dood. Ons het in ons hart gesterf. Ons liefde vir God en naaste was dood.

Ewemin as wat ons uit die liggaamlike dood kan opstaan, ewemin kan ons uit die geestelike dood opstaan. Maar ook hierop bied die Kategismus 'n antwoord: Christus is die oplossing. Sy dood verlos ons van die heerskappy van die bose. **Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe.**

Die **ou mens** waarvan hier sprake is, is ons ou natuur of geaardheid, die geestelik dooie mens. Dit is hoe ons deur die sondeval geword het: vyande van God en haters van ons naaste. Daardie monster, genaamd ou mens, word, deur die krag van Christus, saam met Christus gekruisig, gedood en begrawe.

Die Heidelbergse sluit nou aan by dit wat Paulus in Rom. 6 sê oor die onlosmaaklike verband tussen ons doop en Jesus se dood en begrafnis. Deur die doop, sê die apostel daar, word ons in verbinding gebring met die dood van Christus. Soos ons in die doop ondergaan in die water en rein gewas van ons sondes weer daaruit opstaan, so het Christus met ons sondes in die graf in gegaan. Daar het Hy dit agtergelaat, vir goed. Toe Christus aan die kruis gespyker is, is ons ou mens eens en vir altyd aan die kruishout vasgenael. Daar is die krag van ons ou mens gebreek. Christus het die mag van die sonde oorwin.

Die offer en dood van Christus aan die kruis het gevolge in ons lewe: **gevolglik** (as gevolg van hierdie offer en dood van Christus) **kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy.**

Christus se versoeningsoffer is die geheim en bewerkende oorsaak van ons **dankoffer**. Christus se kruis het alles met ons dankbaarheidslewe te make.

Die heerlike vrug van Jesus se dood, van sy triomf oor ons ou mens, is dat ons ons as 'n dankoffer aan Christus toewy. Verlos van die geestelike dood begin ons lewe vir God en ons naaste.

Wanneer ons wil sien of iemand nog leef, voel ons sy pols, luister ons na sy hartklop en hoor ons of hy nog asemhaal. Dit is alles tekens van lewe. Geestelik moet daar ook tekens van lewe wees en daardie tekens is enersyds stryd teen die sonde en aan die anderkant liefde vir God en liefde vir ons naaste. Ons sal onself moet diagnoseer, want wie nie geestelik lewe nie, sal ook nie in ewigheid met God lewe nie.

5.3. Vraag en antwoord 45: opstanding van die geestelik lewende, nuwe mens

In vraag en antwoord 45 gaan dit oor die nut van die opstanding van Christus vir ons.

Een van die vrugte wat die antwoord noem is: dat **ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek word**.

In Kolossense 3:1 lê Paulus die allernouste verband tussen ons lewe as *nuwe mense* (dit wil sê: ons lewe as *mense wat geestelike weer lewe*, mense wat 'n lewe van liefde lei) enersyds en die opstanding van Christus andersyds. Ons kan Paulus se woorde in vers 1 en verder so saamvat: "As julle dan saam met Christus opgewek is", leef nou ook soos mense wat nie meer in die graf van die sonde lê nie.

Die opstanding van Jesus is die geheim van ons nuwe lewe. Ewemin as wat ons self uit die gewone graf en dood kan opstaan sonder die krag van Christus se opstanding, ewe min kan ons uit die graf van die geestelike dood opstaan sonder die krag van die opstanding van Christus.

5.4. Vraag en antwoord 86-87

Vraag 86

Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?

Ons kan ook maar sê: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl Christus tog alles gedoen het tot ons verlossing en terwyl ons goeie werke tog geen bydrae tot ons saligheid lewer nie?

Dit gaan oor die *noodzaak* van goeie werke.

Antwoord 86

1. HOE ONS GOEIE WERKE KAN DOEN

Soms word dit so voorgestel as sou ons in die *verlossing*, die tweede deel van die Heidelbergse, te make het met *God se werk*: Hy verlos ons mos deur die dood van sy Seun. Hier egter, by die *dankbaarheidswerke*, - so meen vele- hier het ons te make met *die mens se werke*. In die verlossing was God aktief, maar in die dankbaarheid moet ons oorgaan tot aksie.

Deur hierdie opvatting trek Christus self 'n streep, wanneer Hy sê: "...sonder my kan julle niks doen nie" (Jh.15:5). Sonder ons Heiland kan ons *niks* doen nie, ook nie werke van dankbaarheid nie.

Ons moet die Kategismus goed begryp. Dit verlossingswerk van Christus word nie beperk tot hoofstuk 2, die deel oor die verlossing, nie. Maar Hy brei die vleuels van sy reddende handeling ook uit oor hoofstuk 1 (sondekennis) en hoofstuk 3 (dankbaarheidskennis). Ellendekennis is genade, verlossing is genade, maar ook dankbaarheid is genade. Dit is alleen danksy sy genade dat ons dankbaar kan wees.

In hierdie trant en gees begin die Heidelbergse Kategismus ook sy eerste antwoord oor die dankbaarheid: Hy spring *nie* weg met die mens en wat *die mens* moet doen nie. Hy begin met **Christus**: Christus **vernuwe ons tot sy ewebeeld**. Dit het gebeur aan die kruis en met sy opstanding. Aan die kruis het die *ou mens* (= ondankbare sondeslaaf) gesterf en met sy opstanding het ons saam opgestaan as *nuwe mense* (=dankbare mense onder die genadeheerskappy van Christus).

In Efesiërs 4:20-24 en in Kolossense 3:9-10 word die verband gelê tussen die aflê (letterlik: uittrek) van die ou mens en die aantrek van die nuwe mens, die beeld van God: "Julle het die oue mens met sy werke afgelê en julle het jul met die nuwe mens bekleed, wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper. Romeine 6 laat ons sien waar die ou mens gesterf het: aan die kruis. Rom.6 laat ons ook sien hoe ons vernuwe word: in Christus. Deur die kruis en die opstanding van Christus is die

gelowige herskep na Christus se ewebeeld. ***Die kruis is die sterfbed van ons ou mens en die kruis en opstanding is die geboortebed van ons nuwe mens.***

Ewebeeld - daar hoor ons weer die woord van Gen.1: Die mens is geskape na beeld van God. Beeld-wees beteken: Ons is geskape as mense wat moes leef en werk vir God. Ons moes as gehoorsame onder-konings van die groot Koning, die HERE, geheers het oor die skepping. Maar in plaas van dienaars van God en onder-konings in sy diens het ons deur die sondeval slawe van die duiwel geword (= ou mens). Maar deur die verlossingswerk van Christus word dit anders. Want Hy het nie net ons skuld betaal nie. Hy herskep ons ook. Die beeld van skeppingsdag, die beeld wat deur die sonde aan skerwe lê - Jesus herskep dit. Hy maak ons weer van harte bereid en gewillig om Hom te dien.

Hierdie herskepping doen Christus deur sy Gees en Woord. Christus vernuwe ons **deur sy Heilige Gees**. Die Heilige Gees is die toepasser van die werk van Christus. Deur die Heilige Gees word ons ingeplant in die Woord, in Christus, in sy heilswerk. Dan word ons nuwe mense, wat weer beelddraers van God is.

Hier leer ons dit weer: ***Ons troos is God***. Hy is ons troos in ons sonde-ellende, want Hy verlos ons en Hy alleen. En by die dankbaarheid kry ons dieselfde: Ook hier word ons nie op onself teruggewerp nie, maar ook hier word ons gewys op ons enige troos: op wat God in Christus deur sy Heilige Gees doen. Ook t.o.v. ons dankbaarheid moet ons dus uit hierdie troosbron lewe. Dan kan en sal ons dankbaar wees.

ANTWOORD 6 EN 86: OOR DIE MENS AS BEELD VAN GOD

- **Antwoord 6** handel oor die **skepping** na die beeld van God: **Antwoord 86** gaan oor die **her-skepping** na die beeld van God.
- Sowel **antwoord 6** as **antwoord 86** laat ons sien dat ons beeldskap nie mensewerk is nie, maar God se werk: **God** het die mens na sy ewebeeld geskep (antwoord 6) en **Christus** het ons **deur sy Heilige Gees** tot sy ewebeeld vernuwe (antwoord 86).
- Beide antwoorde laat ons voorts die **doel** daarvan sien, waarom ons na die beeld van God geskape en herskape is: **sodat** die mens God sy Skepper reg

kon ken, Hom van harte kon **liefhê** en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te **prys**; **sodat** ons met ons hele lewe bewys dat ons God **dankbaar** is vir sy weldade en Hy deur ons **geprys** word.

ANTWOORD 86 EN 115: DIE HEILIGE GEES, DIE VERNUWING NA DIE EWEBEELD VAN GOD EN ONS GEBED

Antwoord 115 laat ons sien dat ons deelkry aan die vernuwing na die ewebeeld van God ook 'n saak van gebed is: Ons moet ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die **ewebeeld** van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik.

2. WAAROM ONS GOEIE WERKE MOET DOEN

Die kategismus gee drie redes waarom ons goeie werke moet doen:

- 1. sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word**
- 2. sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry**
- 3. sodat en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen**

In ons goeie werke gaan dit dus om:

- 1. God** (dank aan Hom vir al sy weldade en om Hom te prys)
- 2. Onself** (geloofssekerheid)
- 3. Ons naaste** (om ons naaste vir Christus te win).

Kom ons kyk in besonderhede na die drie:

1. As pa iets vir sy kinders gee, lekkergoed of 'n geskenk of wat ook al, verwag hy van hulle dat hulle vir hom dankie sal sê. Dit verwag ons hemelse Vader eweneens van ons. Hy het aan ons, sy kinders, die grootste geskenk gegee wat ons ooit kon ontvang: sy eie Seun. Daarom eis die HERE van ons om **dankbaar** te wees. Ons moet ons Vader dank vir al sy goedheid jeens ons. En

daardie dankbaarheid nou bestaan in 'n lewe van goeie werke, in woorde en daede van liefde vir God en u naaste.

2. Die tweede rede waarom ons goeie werke moet doen is: dat ons daaruit **sekerheid van ons geloof kan kry** verkry. Natuurlik, die grondslag van ons ewige behoud, ons sekerheid dat ons die ewige lewe het, is ons geloof in Jesus Christus. *Maar andersyds* leer die Bybel ons ook: 'n Geloof sonder werke kan ons nie red nie. Die rede daarvoor is heel eenvoudig: 'n Geloof sonder werke is nie die ware geloof nie, maar ware geloof dra vrugte. Kyk veral na Jakobus 2:14,17.
3. As derde doel, waarom ons goeie werke moet doen, noem die Heidelbergse: dat ons deur ons godvresende wandel ook **ons naaste ook vir Christus kan wen**. Ons vroom lewenswandel kan ons naaste na die kerk toe lok. Deur ons lewe van liefde moet ons hulle jaloers maak. Wanneer hulle na ons kyk, moet hulle kan sê: Dit moet heerlik wees om deel te wees van daardie kerk, van daardie Godsgesin. Die teendeel is helaas ook waar: Ons liefdeloosheid, ons onderlinge getwis en haat, ons gebrek aan vergewensgesindheid - dit stoot mense af.

Vraag 87

In hierdie vraag gaan dit daarvoor of sulke mense wat nie dankbaarheidswerke voortbring nie, salig kan word.

Antwoord 87

Die Kategismus is baie beslis in sy antwoord: **Nee, glad nie**.

Die *rede* is die volgende:

Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie.

Want die Skrif sê. Die Kategismus suig dit nie uit sy duim nie, maar ons belydenis wil net naspreek wat in die Bybel staan.

1 Kor.6:9-10 word so te sê woordeliks aangehaal in antwoord 87: "Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie!

Geen hoereerders of afgodedienslaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of dieuwe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie". Vgl. ook Ef.5:5.

5.5. Olevianus

Olevianus (p.316) sê: Deur die krag van die Heilige Gees omhels ons die genade van regverdigmaking, wat ons aangebied word en word ons tot kinders van God *wedergebore*. Daarom sê Johannes: "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo", en Johannes voeg daarby: "wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is".

5.6. Ursinus

Ursinus (Skatboek, deel 2, p.223) beskryf die *wedergeborenes* as hulle wie se hart werklik deur die geloof in die evangelie wedergebore is. Hy beskryf hierdie wedergeboorte ook met die woord bekering.

6. Die doopsformulier van die Paltz oor wedergeboorte

6.1. Die opstellers van hierdie doopsformulier en ons Heidelbergse Kategismus

Die opstellers van die doopsformulier van die Paltz was Ursinus en Olevianus, twee van die opstellers van die Heidelbergse Kategismus.

6.2. Vertaling van 'n gedeelte van die formulier¹ in Afrikaans

Aangesien ons Here Jesus Christus gesê het dat ons nie in die koninkryk van God kan kom nie, tensy ons opnuut gebore word, gee Hy ons daarmee 'n sekere (vasstaande)

¹ 'n Vertaling van myself uit die Duits. Die vertaling strek tot voor die gebed.

bewys dat ons natuur heeltemal verkeerd en vervloek is en vermaan Hy ons daarmee dat ons ons voor God moet verootmoedig en 'n mishae (afkeer) in onself moet hê, deur ons so voor te berei, sy genade te begeer, sodat daardeur (sy genade =AHB) alle boosheid en vervloeking van ons ou natuur afgewas en begrawe mag word. Want ons kan God se genade nie deelagtig word nie, tensy ons eers alle vertrouwe op ons eie vermoëns en wysheid en geregtigheid uit ons hart geneem is, ja ook totdat alles wat in ons is geheel en al veroordeel is nie.

Nadat Christus ons ellende ons só voor oë gestel het, troos Hy ons weer met sy barmhartigheid, deur aan ons en ons kinders te belowe om ons van al ons sondes te was, d.w.s. om ons dit ter wille van sy bloedstorting nie toe te reken nie en om ons verdorwe natuur weer tot sy ewebeeld te vernuwe deur sy Heilige Gees. En sodat Hy sodanige beloftes aan ons swak geloof sou bevestig en aan ons eie liggaam sou verseël, het Hy beveel dat ons in die Naam van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees gedoop sou word.

Daarom, eerstens, as Hy wil dat ons met water in die Naam van die Vader gedoop sal word, betuig Hy aan ons soos met 'n sigbare eed ons hele lewe lank dat God ons en ons saad (nageslag) se Vader wil wees, ons met alle node van liggaam en siel wil versorg en alle kwaad ons ten goede wil keer, ook dat alle skepsele (vanweë die verbond wat ons met God het) ons nie skade kan aandoen nie, maar tot ons saligheid moet dien.

Ten tweede, as ons in die Naam van die Seun gedoop word, belof Hy aan ons dat alles wat die Seun van God gedoen en gely het, ons eie (eiendom – AHB) is, sodanig dat Hy ons en ons kinders se Saligmaker is, aangesien Hy ons met sy saligmakende genade self, ons deur sy heilige ontvangenis, geboorte, lyding en sterwe van alle onreinheid en sonde verlos het en al ons vervloeking aan die kruishout vasgnael het, dit met sy bloed afgewas het en met Hom begrawe het en ons so van die helse pyn bevry het, sodat Hy, terwyl Hy ons deur sy opstanding en hemelvaart met sy geregtigheid bekleed, nou voor sy Vader intree en in die laaste oordeel heerlik en sonder vlek voor die aangesig van die Vader sal verteenwoordig.

Ten derde, as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, word aan ons belof dat die Heilige Gees ons en ons kinders se Leraar en Trooster sal wees tot in ewigheid, aangesien Hy ons tot ware lidmate van die liggaam van Christus maak,

sodat ons aan Christus en aan al sy goedere (asook alle lede van die Christelike kerk) gemeenskap sou hê. En dat so dat aan al ons sondes in ewigheid nie meer gedink word nie, ook (dat - AHB) die sonde en swakheid wat nog in ons oorbly, hoe langer hoe meer gedood en in ons 'n nuwe lewe sal aanvang en eindelijk in die salige opstanding (waar hierdie vlees aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal wees) in ons volkome openbaar sal word.

Maar aangesien in alle verbonde beide dele hulle aan mekaar verbind, beloof ons ook aan God die Vader, Seun en Heilige Gees dat ons deur sy genade Hom alleen as ons enige, ware en lewende God wil beskou en erken, Hom alleen in al ons nood wil aanroep en as gehoorsame kinders wil leef, soos hierdie nuwe geboorte van ons eis, wat in hierdie twee dele bestaan:

Eerstens dat ons uit ware berou en leedwese oor ons sonde al ons vernuf en luste verloën, en ons aan die wil van God onderwerp en alle sonde van harte haat en ontvlug. Daarna ook dat ons begin om 'n lus en liefde te hê om ooreenkomstig die Woord van God in alle geregtigheid en heiligheid te leef.

En as ons somtyds uit swakheid in sondes sou val, moet ons nogtans nie daarin bly lê nie, of vertwyfeld raak of deur enige ander middel buiten deur Christus alleen vergewing soek nie, maar altyd deur ons doop vermaan word om van ons sondes afstand te doen en vas te vertrou dat daaraan (ter wille van die bloed van Christus) voor God nooit meer gedink sal word nie, aangesien die heilige doop vir ons 'n vasstaande getuienis is dat ons met God 'n ewige verbond het en in die lewende fontein van die ewige barmhartigheid van die Vader en van die allerheiligste lyding en sterwe van Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees gedoop is.

En al is dit so dat ons kinders hierdie gemelde oorsake en verborgenhede nog nie begryp nie en nog baie minder kan bely, mag hulle nogtans beslis nie van die doop uitgesluit word nie, aangesien hulle tot die verbond van God geroep is, wat Hy met Abraham, die vader van alle gelowiges en sy saad en dus ook met ons en ons kinders maak het: "Ek (spreek die Here) sal my verbond oprig tussen My en jou en jou saad ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou saad ná jou".

Nou het ons Here Jesus Christus in die wêreld gekom nie om die genade van sy hemelse Vader te verminder nie, maar veel meer om die verbond van genade (waarin

die volk Israël vroeë ingesluit was) deur die hele wêreld uit te brei. En Hy het in die plek van die besnydenis die heilige doop as teken en seë van die verbond vir ons en ons kinders ingestel, soos die apostel Petrus uitdruklik leer in Handeling 2: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep".

Net so beveel ook die Here Christus self om die onmondige kinders na Hom toe te bring en beloof Hy hulle met woorde en werke die koninkryk van die hemel, soos Markus 10 skryf: " En hulle het kindertjies na Hom gebring, dat Hy hulle kon aanraak; en die dissipels het die wat hulle gebring het, bestraf. Maar toe Jesus dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. En Hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën.

Uit hierdie woorde is dit duidelik dat ook ons kinders in die koninkryk van God en sy verbond is en daarom ook die doop as seël van die verbond behoort te ontvang, al is dit so dat hulle die verborgenheid van die doop deur jonkheid van jare nog nie verstaan nie, net soos ook die kindertjies deur Jesus Christus self met woorde en werke geseën is en soos (hulle) in die ou kerk op die agtste dag besny is, hoewel hulle nog die seën van die Here, nog die verborgenheid van die besnydenis kon verstaan of begryp.

6.3. 'n Vergelyking tussen die formulier van die Paltz en ons doopsformulier

Die bedoeling van hierdie onderafdeling is om ons doopsformulier te vergelyk met die van die Paltz.

Dit is so dat ons doopsformulier uit die van die Paltz ontstaan het. Deur die eeue is laasgenoemde egter verkort.

Met hierdie verkorting het daar egter helaas dinge verlore gegaan en daar is ingeboet aan duidelikheid.

6.4. Ellende, verlossing, dankbaarheid

6.4.1. Die deel oor ons sonde

Ellende

Aangesien ons Here Jesus Christus gesê² het dat ons nie in die koninkryk van God kan kom nie, tensy ons opnuut gebore word, gee Hy ons daarmee 'n seker (AHB - vasstaande) bewys dat ons natuur heeltemal verkeerd en vervloek is en vermaan Hy ons daarmee dat ons ons voor God moet verootmoedig en 'n mishae (AHB - afkeer) in onself moet hê, deur ons so voor te berei, sy genade te begeer, waardeur³ alle boosheid en vervloeking van ons ou natuur afgewas en begrawe mag word⁴. Want ons kan God se genade nie deelagtig word nie, tensy ons eers alle vertrouwe op ons eie vermoëns en wysheid en geregtigheid uit ons hart geneem is, ja ook totdat alles wat in ons is geheel en al veroordeel is nie.

6.4.2. Die deel oor ons verlossing

Verlossing

Nadat Christus⁵ ons ellende ons só voor oë gestel het, troos Hy ons weer met sy barmhartigheid, deur aan ons en ons kinders te beloof om ons van al ons sondes te was, d.w.s. om ons dit ter wille van sy bloedstorting nie toe te reken nie en om ons

² Direk aan die begin van die formulier laat die opstellers duidelik hoor dat ons Here Jesus Christus ook in die sigbare Woord, die Woord van die Doop, aan die Woord is. Ook in die doop is Hy ons hoogste Profeet en Leraar. Dit is belangrik om dit te onthou, want dan weet ons hoe betroubaar die doop is.

³ Deur sy genade, terugverwysing na die woord genade

⁴ Deel van die wedergeboorte (die afwas van alle boosheid en vervloeking van ons ou natuur)

⁵ Weer 'n keer beklemtoon dat Christus in die doop aan die Woord is.

verdorwe natuur weer tot sy ewebeeld⁶ te vernuwe deur sy Heilige Gees. En om sodanige beloftes aan ons swak geloof te bevestig en aan ons eie liggaam te verseël, het Hy beveel dat ons in die Naam van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees gedoop moet word.

(AHB = hier volg nou die beloftes/wedergeboorte)

1. Daarom, eerstens, as Hy⁷ wil dat ons met water in die Naam van die Vader gedoop sal word, betuig Hy⁸ aan ons soos met 'n sigbare eed ons hele lewe lank dat God ons en ons saad (nageslag) se Vader wil wees, ons met alle node van liggaam en siel wil versorg en alle kwaad ons ten goede wil keer, ook dat alle skepsele (vanweë die verbond wat ons met God het) ons nie skade kan aandoen nie, maar tot ons saligheid moet dien.
2. Tweedens, as ons in die Naam van die Seun gedoop word, beloof Hy⁹ aan ons dat alles wat die Seun van God gedoen en gely het, ons eie (eiendom – AHB) is, sodanig dat Hy ons en ons kinders se Saligmaker is, aangesien Hy ons met sy saligmakende genade self, ons deur sy heilige ontvangenis, geboorte¹⁰, lyding en sterwe van alle onreinheid en sonde verlos het en al ons vervloeking aan die kruishout vasgenaël het, dit met sy bloed afgewas het en met Hom begrawe het¹¹ en ons so van die helse pyn bevry het, sodat Hy, terwyl Hy ons deur sy opstanding en hemelvaart met sy geregtigheid beklee¹², nou voor sy

⁶ Dit is weg uit ons formulier, terwyl Calvyn juis daarop wys dat die **doel** van ons **wedergeboorte** die herstel van die beeld van God in ons is

⁷ Nogeens: Christus! Hy doop. Die doop is sy daad.

⁸ Weereens: Christus. Hy betuig. Die doop is sy versekering.

⁹ En weer 'n keer Christus: Hy beloof.

¹⁰ Heilige ontvangenis en geboorte weggelaat in ons formulier.

¹¹ “Met Hom begrawe” weggelaat in ons formulier.

¹² “Met sy geregtigheid beklee” eweneens nie in ons formulier nie.

Vader intree en in die laaste oordeel heerlik en sonder vlek voor die aangesig van die Vader sal verteenwoordig.

3. Ten derde, as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, word aan ons beloof dat die Heilige Gees ons en ons kinders se Leraar en Trooster sal wees tot in ewigheid, aangesien Hy ons tot ware lidmate van die liggaam van Christus maak, sodat ons aan Christus en aan al sy goedere (asook alle lede van die Christelike kerk) gemeenskap sou hê. En dan so dat aan al ons sondes in ewigheid nie meer gedink word nie, ook (dat - AHB) die sonde en swakheid wat nog in ons oorbly, hoe langer hoe meer gedood en in ons 'n nuwe lewe sal aanvang¹³ en eindelijk in die salige opstanding (waar hierdie vlees aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal wees) in ons volkome openbaar sal word.

6.4.3. Die deel oor ons dankbaarheid

Dankbaarheid

Maar aangesien in alle verbonde beide dele¹⁴ hulle aan mekaar verbind (hulle onder verpligting stel), beloof ons¹⁵ ook aan God die Vader, Seun en Heilige Gees dat ons deur sy genade¹⁶ Hom alleen as ons enige, ware en lewende God wil beskou en erken, Hom alleen in al ons nood wil aanroep en as gehoorsame kinders wil leef, soos hierdie nuwe geboorte¹⁷ van ons eis, wat in hierdie twee dele bestaan¹⁸:

¹³ “Hoe langer hoe meer gedood en in ons 'n nuwe lewe sal aanvang” ook weggelaat.

¹⁴ Met dele word in die formulier van die Paltz – anders as in ons formulier – partye bedoel en nie die twee dele van die verbond nl. Belofte en eis nie.

¹⁵ “Beloof ons”. Anders as in ons formulier.

¹⁶ “Deur sy genade” het ook jammer genoeg by ons weggeval.

¹⁷ “Nuwe geboorte”. Dit is duidelik dat wat nou gaan volg, die nuwe geboorte gaan verduidelik, wat dit is: “Eerstens ... heiligheid te leef”.

1. Eerstens dat ons uit ware berou en leedwese oor ons sonde al ons vernuf en luste verloën, en ons aan die wil van God onderwerp en alle sonde van harte haat en ontvlug.
2. Daarna ook dat ons begin om 'n lus en liefde te hê om ooreenkomstig die Woord van God in alle geregtigheid en heiligheid te leef.

En as ons somtyds uit swakheid in sondes sou val, moet ons nogtans nie daarin bly lê nie, of vertwyfeld raak of deur enige ander middel buiten deur Christus alleen vergewing soek nie, maar altyd deur ons doop vermaan word om van ons sondes afstand te doen en vas te vertrou dat daaraan (ter wille van die bloed van Christus) voor God nooit meer gedink sal word nie, aangesien die heilige doop vir ons 'n vasstaande getuienis is dat ons met God 'n ewige verbond het en in die lewende fontein van die ewige barmhartigheid van die Vader en van die allerheiligste lyding en sterwe van Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees gedoop is.

En al is dit so dat ons kinders hierdie gemelde oorsake en verborgenhede nog nie begryp nie en nog baie minder kan bely, mag hulle nogtans beslis nie van die doop uitgesluit word nie, aangesien hulle tot die verbond van God geroep is, wat Hy met Abraham, die vader van alle gelowiges en sy saad en dus ook met ons en ons kinders gemaak het: "Ek (spreek die Here) sal my verbond oprig tussen My en jou en jou saad ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou saad ná jou".

Nou het ons Here Jesus Christus in die wêreld gekom nie om die genade van sy hemelse Vader te verminder nie, maar veel meer om die verbond van genade (waarin die volk Israëël vroeë ingesluit was) deur die hele wêreld uit te brei. En Hy het in die plek van die besnydenis die heilige doop as teken en seël van die verbond vir ons en ons kinders ingestel, soos die apostel Petrus uitdruklik leer in Handeling 2: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die

¹⁸ "wat in hierdie twee dele bestaan". Let op die duidelike verband met die Heidelbergse Kategismus. Die formulier van die Paltz (1539), waaruit ons formulier ontstaan het, sê hier uitdruklik dat die nuwe geboorte uit twee dele bestaan.

belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep".

Net so beveel ook die Here Christus self om die onmondige kinders na Hom toe te bring en beloof Hy hulle met woorde en werke die koninkryk van die hemel, soos Markus 10 skryf: " En hulle het kindertjies na Hom gebring, dat Hy hulle kon aanraak; en die dissipels het die wat hulle gebring het, bestraf. Maar toe Jesus dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. En Hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën.

Uit hierdie woorde is dit duidelik dat ook ons kinders in die koninkryk van God en sy verbond is en daarom ook die doop as seël van die verbond behoort te ontvang, al is dit so dat hulle die verborgenheid van die doop deur jonkheid van jare nog nie verstaan nie, net soos ook die kindertjies deur Jesus Christus self met woorde en werke geseën is en soos (hulle) in die ou kerk op die agtste dag besny is, hoewel hulle nog die seën van die Here, nog die verborgenheid van die besnydenis kon verstaan of begryp.

6.5. Die verhouding tussen die deel oor ons dankbaarheid en die deel oor die verlossing

6.5.1. Die deel oor ons dankbaarheid rus in die deel oor die verlossing. Die heilsimperatief rus in die heilsindikatief. God skenk (verlossing, belofte) wat Hy eis (dankbaarheid).

Anders gesê: Deur die wedergeboorte *buite ons* aan die kruis, wat in ons in gedra word deur die Heilige Gees, word die wedergeboorte *in ons* verwerklik.

In die deel oor die verlossing word die Heilige Gees aan ons beloof.

6.5.2. Die woorde *deur sy genade* is hier van kardinale belang:

1. In die deel oor die ellende staan dat ons *deur God se genade* alle boosheid en vervloeking van ons ou natuur afgewas en begrawe word.
2. In die deel oor die verlossing sien ons die genade in Christus

3. In die deel oor die dankbaarheid beloof ons dat ons *deur sy genade* Hom alleen as ons enige, ware en lewende God wil beskou en erken, Hom alleen in al ons nood wil aanroep en as gehoorsame kinders wil leef, soos hierdie nuwe geboorte van ons eis.

7. Ons doopsformulier oor wedergeboorte

7.1. Die deel oor ons sonde

"Ons en ons kinders is in sonde ontvang en gebore en is daarom onder die toorn van God, sodat ons nie in die koninkryk van God kan inkom nie (Romeine 3:9, 19; Romeine 5:12-21) tensy ons opnuut gebore word (Johannes 3:3)".

Van ons en ons kinders word gestel:

- Ons is "in sonde ontvang en gebore".
- Wedergeboorte is absoluut noodsaaklik
- Dit moet hier uitgelig word dat óók ons kinders in sonde ontvang en gebore is en daarom onder die toorn van God is, sodat hulle nie in die koninkryk van God kan inkom nie tensy hulle opnuut gebore word

Die eerste vraag aan die doopouers lui:

"Hoewel ons kinders in sondes ontvang en gebore en daarom aan allerhande ellende, ja, aan die verdoemenis self, onderworpe is, bely u nogtans dat hulle in Christus geheilig is en daarom as lidmate van sy gemeente behoort gedoop te wees?"

- Hier het ons in plaas van "wedergeboorte" die frase "in Christus geheilig".

7.2. Die deel oor ons verlossing

In die deel oor die verlossing het ons te make met die wedergeboorte. Dit word trinitaries voorgestel.

Ook hier is *die Heilige Gees* die een wat ons deel gee aan Christus: Hy wil ons tot lidmate van Christus heilig deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het.

Dit wat ons aldus die doopsformulier in Christus het, is:

1. die afwassing van ons sondes en
2. die daaglikse vernuwing van ons lewe.

7.3. Die deel oor ons dankbaarheid

Ons kinderdoopformulier lui:

1. Die doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid.
2. Ons moet ons ou natuur doodmaak

Die formulier van die Paltz (1539), waaruit ons formulier ontstaan het, sê hier uitdruklik dat die nuwe geboorte uit twee dele bestaan:

1. Eerstens dat ons ware berou en leedwese oor ons sonde het, ons eie vernuf en luste verloën en aan die wil van God onderwerp en alle sonde van harte haat en ontvlug;
2. Ten tweede ook dat ons begin om 'n lus en 'n liefde te hê om volgens God se Woord te leef in alle geregtigheid en heiligheid.

7.4. Die deel oor ons dankbaarheid rus in die deel oor die verlossing

Die deel oor ons dankbaarheid rus in die deel oor die verlossing.

Die deur sy genade ontbreek hier.

Tog ontbreek die eenheid tussen die deel oor die verlossing en die dankbaarheid nie.

8. NGB

8.1. Art.24 Heiligmaking. Wedergeboorte deur Woord en Gees

8.1.1. "Hierdie" en wedergebore deur Christus

Ons moet goed luister na wat die NGB hier vir ons sê. Hy praat nie alleen van die *ware geloof* nie, maar van *hierdie* ware geloof. Met die *hierdie* gryp die NGB terug na die vorige twee artikels, waar dit gaan oor die geregtigheid deur die geloof in Christus. Dit gaan om die geloof wat NGB 22 beskryf as in sigself niks nie, dat dit insigself nie kan regverdig nie, maar slegs die middel is waardeur ons Christus

omhels. Hierdie geloof, wat hom vasklamp aan Christus en die geregtigheid in Hom alleen soek, dit is hierdie geloof wat 'n mens *wedergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing van die sonde bevry.*

As ons dit so sien, dan weet ons dat die wedergeboorte ook hier in die NGB alles met Christus te make het.

8.1.2. "Hierdie ware geloof" en Woord en Gees

Die NGB laat ons in vervolgens sien waar hierdie geloof vandaan kom: hierdie ware geloof word *in die mens voortgebring deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees.* Dit is deur Woord en Gees.

8.1.3. ADR Polman

Polman lewer ook kommentaar op die *dat die geloof hom wedergebore laat word:*

Dit wil natuurlik nie sê dat die geloof 'n skeppende krag in ons lewe word, waarvan allerhande vernuwende werking uitgaan nie. Ons belydenis sou ook hier die woorde van Art.22 kon herhaal en ook ten opsigte van die wedergeboorte kon sê: Om presies te wees: Ons bedoel nie dat die geloof self ons wederbaar nie, want die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons heiligmaking, omhels, dat die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind.

Polman vervolg: Deur die geloof woon Christus in ons harte (Ef.3:17) en dit is Hy, wat so, van binne-uit, deur sy Heilige Gees, sy kruisverdienste aan ons toepas. In die hele heiligmaking bly ons dus op Christus betrokke en van Hom afhanklik. Dit is nooit so dat die Heiland en sy verdienste êrens op die agtergrond raak deurdat ons deur selfheiliging sterker en selfstandiger word en oor geestelike kragte beskik wat hoogstens hulle oorsprong in die kruis en opstanding van Christus het nie. Ons leef tot ons dood toe uit genade en put daagliks uit die fontein van sondevergewing deur die bloed van Christus en ons gaan alleen van krag tot krag voort, soos wat die gemeenskap met Christus innigere en inniger word en Hy meer en meer in ons gestalte kry (Gal.4:19).

8.2. Art.34 Die doop. Wedergeboorte deur die bloed van Christus en sy Gees

8.2.1. Ook NGB Artikel 34 laat die wedergeboorte sien as vrug van die werk (*bloed*) van *Christus*:

- *Die bloed van Christus besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons, wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word.*
- *Ons word wedergebore deur die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God, ons Rooisee waardeur ons moet trek om aan die slawerny van Farao, dit wil sê die duiwel, te ontkom en in die geestelike land Kanaän in te gaan.*
- *Christus was ons siel, suiwer en reinig dit van alle vuilheid en ongeregtigheid; Hy maak ons hart nuut.*
- *Christus beklee ons met die nuwe mens en ontklee ons van die ou mens en al sy werke.*

8.2.2. NGB Artikel 34 laat die wedergeboorte sien as die werk (bloed) van Christus, maar dan ook as werk van Christus *deur die Heilige Gees*. Die Heilige Gees is die een wat ons siel besprinkel met die kosbare bloed van Christus.

8.3. Art.35 Nagmaal: voeding van die wedergeborenes

Ook by die artikel oor die Nagmaal kom die wedergeboorte en die wedergeborenes ter sprake:

Die NGB beskryf die nuwe lewe as *geestelik en hemels, die tweede geboorte*.

Hierdie tweede geboorte vind plaas *deur die woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus*.

Die NGB laat sien waarvoor Christus die nagmaal ingestel het: *om die wedergeborenes te hulle voed en te onderhou*. Die nagmaal is bedoel *om die geestelike en hemelse lewe wat die gelowiges besit, in stand te hou*. Daarom het God *vir hulle 'n lewende brood gestuur wat uit die hemel neergedaal het, naamlik Jesus Christus; Hy voed en onderhou die geestelike lewe van die gelowiges wanneer Hy geëet, dit wil sê deur die geloof toegeëien en ontvang word*.

9. DL III/IV

9.1. Acta

6de stelling teoloë van Geneve p.500

As oorsprong van ... ons wedergeboorte noem ons ons geheime, verborge, onuitspreeklike en ware vereeniging met Christus, ons Hoof, waardeur ons (terwyl ons eens Geestes met Hom geword het) vlees van sy vlees en been van sy bene is, sodat die Gees van Christus in ons as sy lede invloei, en Christus is en werk alles in ons almal, wat ons weer in Hom as ons geestelike steun doen; en daar is geen deel van die herbore mens, wat Christus nie deurdring, deurblaas, lewendmaak, roer en beweeg deur 'n baie kragtige beweging nie; wat ons van die hart, as die burg van die inwoning, veral stel.

= geloof in Christus (vereniging met Christus) en daardeur wedergeboorte.

Die Acta praat verskillende male van wedergeboorte of bekering.

In de 'Oordelen van de godgeleerden' op de synode van Dordt werd o.a. verklaard: „Gelijk de mens in den beginne zich niet heeft kunnen voorbereiden tot zijn eigen schepping, zo kan ook de zondaar tot zijn eigen bekering (die een nieuwe schepping is, een wedergeboorte, een opwekking uit de dood, een levendmaking) dat zelf niet doen", Ook hier beide woorden in dezelfde betekenis. En zoals de bekering niet is een zaak van een keer: we moeten ons dagelijks bekeren tot de HERE - zo wordt in de Acta van de Synode van Dordt ook wel gesproken van een voortgaande wedergeboorte!

9.2. DL III/IV, 11-13

9.2.1. Artikel 11-13

Artikel 11

Verder: Wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoering bring en die ware bekering in hulle werk, laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees, om die dinge van die Gees van God reg te verstaan en te onderskei nie. Maar deur

die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is, en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.

Artikel 12

Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking waarvan die Skrif so heerlik spreek, wat God sonder ons in ons werk. Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op soortgelyke wyse in ons gewerk nie, sodat na die voltooiing van God se werk die mens byrnag sou lê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie. Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuienis van die Skrif, wat deur Hom, die Outeur van hierdie werking geïnspireer is, is dit deur sy krag wat nie minder of geringer as die skepping of as die opwekking van die dooies is nie. Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weergebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God gedryf word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer.

Artikel 13

Die aard van hierdie werking kan die gelowiges in hierdie lewe nie volkome begryp nie. Intussen is dit vir hulle 'n gerustelling dat hulle weet en ervaar dat hulle deur hierdie genade van God van harte glo en hulle Verlosser liefhet.

9.2.2. Kommentaar op hierdie artikels

Die Dordtse Leerreëls praat uitvoerig van die werking van die Heilige Gees, maar nooit los van die Woord nie. Die Dordtse Leerreëls doen dit ook nie in III/IV, Art.11. In hierdie artikel word allermins gesê dat die Gees die wedergeboorte werk los van die Woord. Wel wil die Dordtse Leerreëls dit benadruk dat die wedergeboorte nie deur die Woord alleen geskied nie, maar deur Woord én Gees. Ook wanneer III/IV, Art.12 sê dat God die wedergeboorte sonder ons in ons werk, dan keer die Dordtse

Leerreëls hom teen die Remonstrante, wat juis beweer dat die wedergeboorte deur ons eie toestemming, deur ons eie wil geskied. In die hele DL word altyd geleer dat God ons deur die evangelie lewend maak en wederbaar (Sien III/IV, Art.3: Sonder die genade van die Heilige Gees, wat die wedergeboorte skenk, kan en wil hulle nie tot God terugkeer of hulle bedorwe natuur verbeter of onderneem om dit te verbeter nie. En Art.6: Wat nie deur die lig van die natuur of deur die Wet gedoen kan word nie, dit doen God deur die krag van die Heilige Gees, deur middel van die Woord of die bediening van die versoening).

10. Kohlbrugge

10.1. Wedergeboorte bestaan ook vir Kohlbrugge uit die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens

Ook Kohlbrugge beskryf wedergeboorte as die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (LH 314, 318).

Kohlbrugge (LH 314) verstaan die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens so:

1. dat ons die vyandige gesindheid teen God se genade, weë en werke uitgetrek het, uit welke gesindheid alle werke van die vlees voortkom;
2. dat ons daarenteen Christus met al sy weldade in die geloof aangeneem het .

Anders gesê:

1. 'n Vyandiggesindheid teen God se genade, weë en werke– so lyk die ou mens, die onwedergebore mens vir Kohlbrugge.
2. Om alleen van God se genade in Christus te leef – so lyk die nuwe mens, die wedergebore mens vir Kohlbrugge.

10.2. Wedergeboorte het alles met Christus te make

In sy bestudering van die geloof en die wedergeboorte by Kohlbrugge kom De Reuver (1992:87) tot die gevolgtrekking dat Kohlbrugge aan die lewe van die wedergeboorte 'n uitsluitlik Christologiese inhoud toeken. Hy wil niks weet van 'n wedergebore lewe as 'n ingestorte habitus, wat min of meer los van Woord en geloof staan nie (De Reuver, 1992:83, 85).

Ook vir hom het wedergeboorte alles met die heilswerk van Christus te make: Die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens het plaasgevind in die kruisiging en opstanding van Christus waarin Hy alles aan God teruggebring het, alles herstel het wat deur ons skuld bedorwe was nadat ons van God afvallig geword het (LH 316).

10.3. Wedergeboorte 'n heilshistories gebeurtenis, wat heilsordelik toegepas moet word

Hoewel die wedergeboorte vir Kohlbrugge plaasgevind het in die kruis en opstanding, verbind hy die toepassing deur die Gees telkens direk daaraan. So verklaar Kohlbrugge dan ook in *Die Lehre des Heils* (LH: a 317): Ofskoon die heil van Christus vir die mens beskikbaar is, kom daar nogtans in die mens se lewe 'n sekere tydstop waarop hy deur die Gees van die geloof in hierdie heil oorgeplaas word en van die dood in die lewe oorgaan. Dit is die volledige omsetting van 'n mens wat hom tevrede maak met die geregtigheid wat voor God geld, 'n omsetting wat ook *wedergeboorte* heet.

Die heilshistoriese gebeurtenis van die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens aan die kruis moet ook heilsordelik ons deel word deur die Heilige Gees.

10.4. Wedergeboorte en die heilige ontvangenis en geboorte van Christus

Kohlbrugge verbind die wedergeboorte aan die kruis en opstanding van Christus.

Hy sê egter ook op 'n plek: Ek is wedergebore in Betlehem.

Dit is 'n besondere – en Skriftuurlike – greep van hom:

- Ons doopsformulier en ons Heidelbergse Kategismus sê dat ons *in sonde ontvang en gebore* word en reeds daarom wedergeboorte nodig het.
- Van Christus sê ons Heidelberger by die artikel *wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria*: Die nut van die heilige ontvangenis en geboorte van Christus is juis dat Hy ons Middelaar is, en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek.

Ons kom in Christus, in sy heilige ontvangenis en geboorte, nuut gebore in die wêreld.

11. Kinders en wedergeboorte of ingaan in die koninkryk

11.1. Die Skrif oor kinders en wedergeboorte

In Johannes 3:3 sê Jesus: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.

In verband hiermee moet ons Matt.19:14-15 lees: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele. En Hy het hulle die hande opgelê en daarvandaan vertrek. En Luk.18:16-17: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie

11.2. Calvyn oor kinders en wedergeboorte

11.2.1. Institusie IV, 16,18

Christus is in elk geval van die begin van sy kinderjare af geheilig om sy uitverkorenes van watter ouderdom ook al sonder onderskeid in Homself te heilig. (OS 322) Want om die skuld vir die ongehoorsaamheid wat in ons vlees begaan is, uit te wis, het Hy Hom juis met hierdie vlees bekleed om daarin volmaakte gehoorsaamheid om ons ontwil en in ons plek te betoon. Net so is Hy uit die Heilige Gees ontvang om deur sy heiligheid in die vlees wat Hy aangeneem het, ten volle

oorgiet te word en hierdie heiligheid ook aan ons oor te dra. As ons in Christus die volmaakste voorbeeld het van al die genadegawes wat God aan sy kinders skenk, sal Hy natuurlik ook in hierdie opsig vir ons 'n bewys wees dat die suigelingsjare nie so vreemd staan teenoor die heiligmaking nie. Ons stel dit in elk geval bo alle twyfel dat geeneen van die uitverkorenes uit die huidige lewe geroep word voordat hy nie deur die Gees van God geheilig en wederbaar is nie.

Wat betref hulle beswaar dat die Gees in die Skrifte geen wedergeboorte anders as uit onverderflike saad, dit is uit die Woord van God, ken nie, vertolk hulle Petrus se stelling verkeerd. Daarin vat hy slegs die gelowiges saam wat deur die verkondiging van die evangelie onderwys is. Ons erken wel dat die Woord van God vir sulke mense die enigste saad van 'n geestelike wedergeboorte is, maar ons ontken dat daaruit afgelei kan word dat kindertjies nie deur die krag van God ^(OS 323) wederbaar kan word nie. Vir God is dit net so maklik en gereed as wat dit vir ons onbegryplik en wonderbaarlik is. Ten slotte sou dit onbedagsaam wees om die Here die vermoë te ontsê om Hom op die een of ander wyse aan hulle kenbaar te maak.

11.2.2. Institusie IV, 16,19

“Maar”, sê hulle, “die geloof kom deur die gehoor, en hulle het nog nie die gebruik daarvan gekry nie, en hulle is nie in staat en opgewasse om God te ken nie omdat hulle, soos Moses leer, van die kennis van goed en van kwaad verstoke is”. Hulle merk egter nie op dat die apostel wanneer hy die gehoor die beginsel van die geloof maak, slegs die gewone beleid en uitdeling van die Here beskryf waaraan Hy gewoonlik in die roeping van die wat aan Hom behoort, hou nie.

Hulle let ook nie op dat hy nie vir Hom 'n ewige reël neerlê sodat Hy van geen ander reël gebruik kan maak nie. So het Hy beslis verskillende maniere gebruik in die roeping van baie mense aan wie Hy innerlik deur die verligting van die Gees en sonder die tussenkoms van die prediking ware kennis oor Hom geskenk het. Omdat hulle egter meen dat dit baie ongerymd is as enige kennis van God aan kindertjies (OC 990) gegun word omdat Moses hulle die kennis van goed en van kwaad ontsê, moet hulle my asseblief antwoord watter gevaar daarin bestaan as daar gesê word dat kinders nou 'n gedeelte van daardie genade ontvang waarvan hulle die volle oorfloed 'n rukkie later sal geniet. Want as die volheid van die lewe in die volmaakte kennis van God bestaan, en aangesien sommige van hulle wat die dood in die begin van hulle

suigelingsjare wegruk, na die ewige lewe oorgaan, word hulle beslis ontvang om die aangesig van God van baie naby te aanskou. (A 496)

Waarom sou die Here diegene wat Hy met die volle glans van sy lig sal verlig, nie nou ook, as dit sy wil is, met 'n geringe vonkie daarvan bestraal nie—veral as Hy hulle nie hulle onkunde ontnem voordat Hy hulle uit die gevangenis van die vlees verlos nie? Ek sou nie graag roekeloos wou beweer dat hulle dieselfde geloof het wat ons in ons ervaar nie, of dat hulle hoegenaamd 'n soortgelyke kennis van die geloof as ons het nie. Ek verkies immers om dit onbeslis te laat. My bedoeling is egter om die dwase verwaandheid van die Wederdopers effens aan bande te lê omdat hulle alles waarvan hulle die mond van vol het, onbesorg ontken of bevestig.

11.2.3. Institusie IV, 16,26

26. Volgens die Wederdopers word almal wat nie gedoop is nie, uitgesluit uit die koninkryk van God (OS 331)

Nou is dit ook duidelik dat hulle verdigsel na aanleiding van die voorgaande verwerp moet word omdat hulle almal wat nie gedoop is nie, tot die ewige dood verdoem. Laat ons ons derhalwe maar volgens hulle eis verbeel dat die doop slegs aan volwassenes bedien moet word: wat sal hulle dan sê gebeur met 'n kind wat reg en behoorlik in die beginsels van godsvrug onderwys word, as dit gebeur dat hy skielik (OC 995) wanneer die doopdag reeds aanbreek, bo verwagting deur die dood weggeruk word? Die belofte van die Here is duidelik dat elkeen wat in die Seun glo, die dood nie sal sien nie, en ook nie in die oordeel sal kom nie maar van die dood na die lewe sal oorgaan. Ons vind nêrens dat Hy iemand verdoem het omdat hy nog nie gedoop is nie.

Ek wil egter nie hê dat dit so opgeneem moet word asof ek daarmee te kenne gee dat die doop maar geminag kan word nie. Ek bevestig trouens dat God se verbond geskend word as die doop geminag word. Verre sy dit dus daarvan dat ek dit sou verontskuldig! Dit is egter voldoende slegs om te bewys dat die doop nie so noodsaaklik is dat ons moet dink dat iemand wat die geleentheid om die doop te ontvang, ontnem is, dadelik verlore gegaan het nie. As ons egter wel met hulle versinsel saamstem, sal ons sonder uitsondering almal verdoem wat deur die een of ander gebeurtenis van die doop weerhou word, al sou hulle ook met watter geloof

toegerus wees—selfs 'n geloof waardeur Christus in besit geneem kan word! Hierbenewens maak hulle alle kinders skuldig aan die ewige dood omdat hulle hulle die doop ontsê wat volgens hulle eie belydenis noodsaaklik vir die saligheid is.

Laat hulle nou maar toesien hoe pragtig hulle ooreenstem met Christus se woorde waardeur die koninkryk van die hemel aan die kinderleeftyd toegesê word. En al sou ons hulle alles toegee in soverre dit die begrip van hierdie verwysing aangaan, sal hulle nogtans geen afleiding daaruit kan maak voordat hulle nie die leerstuk oor die wedergeboorte van kindertjies wat deur ons vasgestel is, omvergewerp het nie.

Bylaag A: Nog byvoegings

I. Calvyn

Institusie

III, 17, 5

Ons het trouens elders reeds geleer dat die wedergeboorte die herstel van God se beeld in ons is.

I, 15,4

Die begin van die herwinning van ons saligheid is daarom geleë in die herstel wat ons deur Christus verkry, aangesien Hy juis om hierdie rede die tweede Adam genoem word, omdat Hy ons in ware en volkome regskenheid herstel het. Want hoewel Paulus 'n oorfloediger maat van genade in die wedergeboorte aanprys wanneer hy die lewendmakende Gees wat Christus aan gelowiges skenk, teenoor die lewende siel waarin Adam gebore is, stel, neem hy tog nie die tweede hoofpunt weg nie, naamlik dat die doel van ons wedergeboorte daarin geleë is dat Christus ons weer na die beeld van God vorm. Daarom leer hy elders dat die nuwe mens volgens die beeld van sy Skepper weer nuut gemaak word. Daarmee stem die volgende ooreen: "Beklee julle met die nuwe mens wat na God geskape is."

Nou moet ons let op dit wat Paulus in besonder onder hierdie vernuwing verstaan. In die eerste plek stel hy kennis en in die tweede plek ware geregtigheid en heiligheid. Daaruit kan ons aflei dat die beeld van God in die begin in die verligting van die verstand en regskaapenheid van hart geleë was en dat die beeld van God in die ongeskondenheid van al sy dele merkbaar was. Want hoewel ek erken dat die styl hier vol sinkedogee is, kan hierdie beginsel tog nie daarvan losgeskeur word nie, naamlik dat dit wat in die hernuwing van die beeld van God die kern is, juis in die skepping die belangrikste was.

Dit was hy elders leer, het dieselfde strekking, naamlik dat ons in dieselfde beeld verander word wanneer ons met onbedekte gesig die heerlikheid van Christus aanskou.

Nou merk ons hoe dat Christus die volmaakste beeld van God is. Wanneer ons daarna geformeer is, word ons so hernuwe dat ons die beeld van God in ware godsbrug, geregtigheid, reinheid en kennis kan dra. Met hierdie stelling verdwyn Osiander se verbeeldingsvlug in verband met die gestalte van die liggaam vanself gemaklik.

Die feit dat die man alleen in Paulus die beeld en heerlikheid van God genoem word en dat die vrou van hierdie ereposisie uitgesluit word, het betrekking op die politieke orde, soos uit die konteks duidelik is. Ek dink dat alreeds genoegsaam bewys is dat onder die beeld van God alles wat op die geestelike en ewige lewe betrekking het, inbegrepe is. Dit bevestig Johannes ook met ander woorde wanneer hy aanvoer dat die lewe wat van die begin af in die ewige Woord van God was, die lig van die mense was. Want hoewel dit sy doel was om die uitnemende genade van God waarin die mens bo ander wesens uitmunt, te prys om Hom sodoende van die gewone wesens af te sonder omdat die mens nie 'n gewone lewe ontvang het nie maar een wat met verligting van die verstand gepaard gaan, toon hy tog terselfdertyd aan hoe die mens na die beeld van God geskep is.

Aangesien die beeld van God dus die ongeskonde uitstaande kenmerk van die menslike natuur is wat in Adam voor sy afvalligheid uitblink het maar daarna so bedorwe en bykans uitgewis is dat daar as gevolg van sy val niks anders as verderf, verminking en besmetting oorgebly het nie, kan dit nou deels in sy uitverkorenes waargeneem word, in soverre as wat hulle na die gees wedergebore is. Maar sy volle glans sal dit eers in die hemel kry.

.....

III, 6,2

Ons het gesê dat die doel van die wedergeboorte is dat harmonie en ooreenstemming tussen die geregtigheid van God en die gehoorsaamheid van die gelowiges in hulle lewe na vore moet kom en dat hulle so hulle aanneming moet bevestig waardeur hulle as sy kinders aangeneem is. Hoewel sy wet egter die vernuwing waardeur die beeld van God weer in ons herstel word, insluit, sal dit nogtans vir ons voordelig wees om uit verskeie Skrifaaanhalings die wyse waarop ons ons lewe moet vorm, af te lei omdat ons luiheid bowendien baie prikkels en hulpmiddels nodig het. Die doel daarvan is dat mense wat hulle bekering ter harte neem, nie in hulle ywer op 'n dwaalweg beland nie.

III, 3,9

9. Berou beteken wedergeboorte in Christus

Albei hierdie dinge val ons te beurt omdat ons deel het aan Christus. Want as ons waarlik deel het aan sy dood, word ons ou mens deur sy krag gekruisig, en die liggaam van ons sonde sterf, sodat die bedorwenheid van ons eerste natuur geen krag meer het nie. As ons in sy opstanding deel, word ons daardeur opgewek tot 'n nuwe lewe wat met God se geregtigheid ooreenstem. In een woord verstaan ek onder berou dus wedergeboorte, waarvan die doel net is om die beeld van God wat deur Adam se oortreding verontreinig en byna uitgewis is, weer in ons te laat vorm kry. So leer die apostel ons wanneer hy sê: “Terwyl ons met ontblote gesig die heerlikheid van die Here weergee, word ons in dieselfde beeld verander, van heerlikheid tot heerlikheid asof deur die Gees van die Here”. Net so: “Deur die gees van julle gemoed moet julle weer nuut word en julle met die nuwe mens beklee wat na God geskep is in ware geregtigheid en heiligheid”. Elders staan daar: “Wanneer julle julle met die nuwe mens beklee wat nuut gemaak word na die kennis en beeld van Hom wat die mens geskep het”. So word ons deur die wedergeboorte kragtens die weldaad van Christus in die geregtigheid van God vernuwe, waarvan ons deur Adam afvallig geword het. Dit is die manier waarop dit die Here behaag om almal wat Hy as erfgename van die lewe verkies, weer ongeskonde te maak.

Hierdie hernuwing word weliswaar nie in 'n oogwenk of een dag of een jaar voltrek nie, maar God maak die bedorwenheid van hulle vlees in sy uitverkorenes voortdurend, ja, selfs met gestadige vordering, tot niet. Hy reinig hulle van hulle vuilheid; Hy heilig hulle as tempels vir Hom en Hy maak al hulle gevoelens weer nuut totdat dit waarlik suiwer is, sodat hulle hulle hele lewe lank berou kan beoefen en kan weet dat daar nie 'n einde aan die stryd is nie behalwe in die dood. Daarom is Staphylus, daardie onrein uitvaagsel en afvallige, se goddeloosheid soveel groter. Hy klets dat ek die toestand van ons huidige lewe met die hemelse heerlikheid verwar wanneer ek na aanleiding van Paulus die beeld van God as heiligheid en ware geregtigheid vertolk. Net asof ons inderdaad nie die ongeskondenheid en volmaaktheid van 'n saak moet ondersoek wanneer ons dit beskrywe nie! En tog word daarmee nie ontken dat daar plek vir groei is nie. Ek verklaar egter dat die beeld van God helderder in iemand skyn namate hy nader aan die gelykenis van God kom. God skrywe daarom hierdie renbaan van berou aan die gelowiges voor waarop hulle hulle hele lewe lank moet hardloop om dit te bereik.

II. Skrif

Genesis

Boek van geboorte van kerk (NB preke Isak!).

Bylaag B: Doopsformulier Paltz (Duits)

Vnesr hülff stehet im Namen des Herrn, der Himmel vnd Erden erschafen hat, Amen.

Dieweil vnser Herr Jesus Christus sagt, dasz wir anderst nicht inn das reich Gottes mögen kommen, es sey dann dasz wir new geboren werden, so gibt er vns ein gewisse anzeigung, dasz vnser natur durchaus verkehrt vnd vermaledeiet ist, Vnd vermanet vns der halben heimit, dasz wir vns für Gott demüctigen, vnd ein miszfallen haben sollen an vns selbst, vnd bereitet vns also Seine gnade zu begeren, durch welche all

vnser boszheit vnnd vermaledeiuung vnserer alten natur abgetilget werde, Dann wir der gnaden Gottes nicht fehig sind, es sey denn das zuuor alles vertrauen auff vnser eigen vermögen, weiszheit und gerechtigkeit, ausz vnseren hertzen genommen sey, ja auch bisz dasz wir alles was in vns ist, gantz und gar verdammen.

Nach dem vns aber Christus vnser elend also für die augen gestellt, so tröst er vns auch viel mehr durch seine barmhertzigkeit, in dem er vns vnd vnsern kinderen verheisset, dasz er vns von allen vnsern Sünden waschen, das ist, vns deiselbigen von wegen seines blutuergiessens nicht zurechnen, auch vnser Natur wider zu seinem Ebenbild durch semen heiligen Geist ernewern wölle, Vnd solche verheissung vnserm schwachen glauben zubestätigen vnd an vnserm eignen leib zu versiglen, hat er befohlen, dasz wir in dem namen Gottes des Vaters, des sohns, vnd des heiligen Geistes sollen ge taufft werden.

Derhalben zum ersten da er wil, dasz wir mit wasser in dem Namen des Vaters getauffet werden, bezeugt er vns, gleich als mit einem sichtbaren Eyd, all vnser lebenslang, da Gott vnser vnd vnser samens Vater sein wil, vnns mit aller notdurfft leibs vnd der seelen versorgen, vnnd alles vbel vns zu gut wenden, Dieweill alle Creaturen von wegen des bunds, so wir mit Gott haben, vns nit schaden können, sonder zu vnserm heil dienen müssen.

Zum andern, in dem wir in dem namen des Sohns getaufet werden, verspricht er vns, dasz ailes was der Sohn Gottes gethan vnd gelidden hat, vnser eigen seie, Also dasz er vnser vnd vnser Kinder Heiland sey, vns mit seiner heilsamen gnaden salbe, vns durch seine heilige empfangnus, geburt, leiden vnd sterben, von aller vnreinigkeit vnd sünden erlöset hab, vnd all vnsern fluch vnd vermaledeiuung ans Creutz genagelt, dieselbige mit seinem Blut abgewaschen vnd mit jhm vergraben habe, vnd also vns von der hellischen pein erledigt, auff dasz er vns durch sein aufferstehung vnd himmelfart mit seiner gerechtigkeit bekleidet, vnnd jetzt für dem himlischen Vater vertrete, vnd am jungsten gericht herrlich vnd one mackel für das angesicht des Vaters darstelle.

Zum dritten, da wir in den namen des heiligen Geists getaufft werden, wird vns verheissen dasz der heilige geist, vnser vnd vnserer kinder lehrer vnd Tröster in ewigkeit sein werde, vns zu waren gliedern des leibs Ihesu Christi mache, auff dasz wir an Christo vnd allen seinen gütern, sambt allen glidern der Christlichen Kirchen

gemeinschaft haben, also dasz vnserer sünden in ewigkeit nit mehr gedacht, auch die sünde vnd schwacheit die in vns noch vbrig bleibet, je lenger je mehr getödtet, vnd in vns ein newes leben angefangen, vnd endlich in der seligen aufferstendtnusz (da disz vnser fleisch dem herrlichen leib Christi gleichförmig sein wird) in vns volkomlich offenbart werden sal.

Nach dem aber in einem jeden Bund, beide theil sich verpflichten, so verheissen auch wir Gott dem Vater, Sohn, und heiligen Geist, dasz wir durch seine gnad in allein für vnsern einigen waren und lebendigen Gott erkennen vnd bekennen wöllen, in allein in aller not anrufen, vnd als gehorsame kinder leben, wie diese neue geburt erfordert, welche in disen zweien stucken stehet, Erstlich, dasz wir ausz warer rew vnd leid vber vnser sünd, alle vnser vernunft vnnd lüste verleugnen, vnd dem willen Gottes vnterwerffen, vnd alle sünde von hertzen hassen vnnd fiiehen, Darnach auch dasz wir anheben lust vnnd lieb zu haben, nach dem wart Gottes in aller heiligkeit vnd gerechtigkeit zuleben.

Wan wir aber vnterweilen ausz schwacheit in Sünden fallen, so sollen wir doch nicht darinnen bleiben ligen, noch verzagen, oder durch einiche andere mittel, denn durch Christum vergebung der sünden suchen, sondern, alle zeit durch vnsern Tauff erinnert werden, daruon ab zustehen vnd festiglich zuertrawen, dasz derselben vmh des blutuergiessens Christi willen für Gott nimmermehr solle gedacht werd Sintemal vns der H. Tauff ein vngezweiflet zeugnus ist, dasz wir einen ewigen bund mit Gott haben, vnd in den lebendigen brunnen der ewigen barmhertzigkeit des vaters, und des aller heiligsten leidens vnd sterbens Iesu Christi, durch die krafft des heiligen Geistes getaufft sein.

Wiewol aber vnser kindlein diese gemeldten vrsachen vnd geheimnus noch nicht verstehen, viel weniger können bekennen, so solien sie doch vom heiligen Tauff keins wegs ausz geschlosscn werde: Dieweil sie von Gott zu seinem Bund beruffen seind, den Gott mit Abraham den vater aller gleubigen vnnd seinem samen, vnd also auch mit vns vnnd vnsern Kindern gemacht hat: Ich wil, spricht der Herr, auffrichten meinen bund zwischen mir vnnd dir, vnnd deinem samen nach dir, bey jren nachkommen, dasz es ein ewiger Bund sey, also dasz ich dein Gott sey, vnd deines samens nach dir,

Nun ist aber vnser Herr Ihesu Christus in die welt kommen, nit die gnad seines Himlischen Vaters zu schmälern, sondern vil, mehr den Gnadenbund so zuuor im Volck Israel ein geschlossen war, durch die gantze welt auszubreiten, Vnd hat an statt der Beschneidung den heiligen Tauff zum warzeichen vnd sigel dieses bunds, vns vnd vnsern kindern verordnet, wie der h. Apostel Petrus solche bestätigung des bunds ausztrüchlich lehret in den Geschichten der Apostel im 2. Cap. da er spricht: Thut busz vnd lasz sich ein ieder täuffen auff den namen Ihesu Christi, zur vergebung der sünden, so werdet jr empfangen die gabe des heiligen Geists, Denn ewer vnnd ewer kinder ist die verheissung vnd aller die fern sind, welche Gott vnser Herr herzu rüffen wird. Darzu heisset auch der Herr Christus selbest die vnmündige kindlein zu sich bringen, vnd spricht ihnen mit worten vnd wercken das Himmelreich zu, wie Marci am 10. geschrieben stehet: Zu der zeit brachten sie die kindlein zu Iesu, dasz er sie anrühete. Die jünger aber furen die an die sie trugen Da es aber Iesus sahe, ward er vnwillig vnd sprach zu jnen, Lasset die Kindlein zu mir kommen, vnd weret jnen nicht, dann solcher ist das reich Gottes. Warlich ich sage euch, wer das reich Gottes nit empfahet als em kindlein, der wird nicht hinein kommen, vnnd hertzet sie, vnd leget die hend auff sie, vnd segenet sie. Ausz diesen worten ist offenbar, dasz auch vnser kinder in Reich, vnnd Bund Gottes sind, vnd derhalben auch den Tauff, als das Sigill des bunds empfangen sollen, ob sie schon die geheimnus des Tauffs, alters halben noch nicht verstehen, Gleich wie die kindlein von Iesu Christo selbst mit worten vnnd wercken gesegnet sein, vnd in der alten kirchen am achten tag beschnieten wurden, wiewol sie den segnen des Herren, wie auch die geheimnus der beschneidung noch nit verstunden.

Derhalben so last vns Gott also anruffen.....